

16 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 12

Verwoede aanvalle

Daar is sewe draakvisioene in Openbaring. In die eerste (Op 12:1-4) staan ons by die begin van die stryd tussen God en Satan. Die kerk van die Ou Testament word voorgestel as 'n vrou met 'n kroon van twaalf sterre. Sy gee geboorte aan 'n Seun, ons Here Jesus Christus. Maar Satan met sy sewe koppe (gesigte) en sy gevolg probeer die koms van hierdie Seun verongeluk. Só word die hele stryd in die Ou Testament geteken. Al die aanslae van Satan was daarop bereken dat Christus nie gebore moes word nie – selfs die kindermoord deur koning Herodes...

In die tweede draakvisioen (Op 12:5-12) word vertel van die hemelvaart van Christus en hoe Hy Satan na die hemelvaart uit die hemel gegooi het. Miskien vra jy: Maar was hy dan in die hemel? Onthou hy is 'n gevalle engel wat vir Job en ook die priester Sagaria (Sag 3) by die Here aangekla het.

In die derde draakvisioen (Op 12:13-17) word vertel dat Satan hom nou, na die hemelvaart, toespits op die kerk. Die kerk word as 'n vrou met twee vlerke voorgestel. Deur geloof en gebed kan die gelowige buite die bereik van Satan bly. Weet jy dat dit ook hierdie vlerke is wat jou bokant al die stryd en bekommernis uitneem? En waar leer jy vlieg met hierdie vlerke? Elke erediens en elke Bybelstudie is God se vliegskool.

Sing: Psalm 46:1,4

Dr B Duvenage (Emeritus)